# Woodoc Exterior Maintenance Wax
# Spesifikasieblad




**Tipiese Aanwending:**
'n Vloeibare penetrerende weerbestande was met ultra-violet filters vir aanwending op buitenshuise verseëlde/behandelde houtwerk. Die produk behandel hout doeltreffend ten spyte van die teenwoordigheid van wasse, olies, vernisse of verseëlaars. Hout behoort eers met 'n Woodoc Verseëlaar verseël te word. **Let wel: Die produk kan houtdekke of -trappe glad maak. Gebruik dus baie spaarsamig daarop.**

**Produkeienskappe:**
Woodoc Exterior Maintenance Wax dring die bestaande verseëlaar of bedekking binne om die hout te voed. Die wasinhoud help om vog uit te sluit terwyl die UV-absorbeerders die verseëlaar se UV-weerstand aanvul.

- Verhoog die beskerming van hout teen seisoens- en omgewingsveranderinge.
- Bring die natuurlike kleur en grein van hout na vore.
- Verlewendig die oppervlak, terwyl dit ook reinig en verfris.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Verenigbaar met die meeste vernisse, verseëlaars en afwerkings.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

**Nr:** WDpwwax/004
**Gedateer:** 24/02/25
**Naam:**
Woodoc Exterior Maintenance Wax
Deep Penetrating Liquid Wax
For maintenance of all sealed or varnished exterior wood
**Beskrywing:**
Buitenshuise onderhouds- en opknappingswas.
**Dekking:**
Hang van aanwending af.
**Aanwending:**
Verfkwas of lap.
**Drogingstyd:**
Nie van toepassing.
**Produkeienskappe:**
'n Kleurlose, vloeibare was geformuleer vir maksimale binnedringing.
Was stol en sak uit teen lae temperature.
Digtheid @ $20^{0}$C: 0,75 (water = 1)
Formaldehiedvry. Geen skadelike ontbindingsmateriale nie.
Vlambaar.
**Wasinhoud:**
Hoog.
Behoort nie verdun te word nie.
**Verpakking:**
375 ml, 1 en 5 liter (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar).

***LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE HOUER VOOR AANWENDING. Skud voor gebruik.***

***VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.***

Vervaardig in Suid-Afrika deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Hoofweg 242, Walmer, Port Elizabeth (Gqeberha)
PostNet Suite #29, Privaatsak X0002, The Fig Tree, CHARLO, Port Elizabeth (Gqeberha), 6033

Kliëntediens:
Tolvry gedurende kantoorure: 0800 411 200 (Slegs Suid-Afrika)
Internasionaal: +27 41 555 0007 (Slegs Kantoorure)
E-pos: information@woodoc.com of besoek www.woodoc.com
WhatsApp: +27 66 302 4702